Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1968/006415/06
AANDELEKODE: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro" of "die maatskappy")

REMGRO – TERUGKOOP VAN REMGRO GEWONE AANDELE

1. **Inleiding**

   Remgro kondig aan dat:

   - sedert die aankondiging van sy jaarlikse resultate op 21 Junie 2005 die maatskappy 'n verdere 5 187 563 gewone aandele teruggekoop het;
   - dit bring die totale aantal terugkope, wat in ooreenstemming is met die algemene magtiging verleen deur Remgro-aandeelhouers by die algemene jaarvergadering gehou op 24 Augustus 2004, op 16 967 602 gewone aandele (of 3.49%) te staan.

2. **Gemagtigde terugkooplimiete**

   Ingevolge die algemene magtiging:

   - word terugkope beperk tot 'n maksimum van 20% van Remgro se uitgereikte gewone aandele; en
   - mag terugkope nie gedoen word teen 'n prys wat meer is as 10% bo die geweegde gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum van die terugkope nie.

   20% van Remgro se uitgereikte gewone aandelekapitaal is gelykstaande aan 'n maksimum van 97 298 730 gewone aandele wat teruggekoop mag word ingevolge die algemene magtiging.

3. **Implementering**

   Remgro het op 27 Augustus 2004 begin met die terugkoop van 16 967 602 gewone aandele en het daarmee voortgegaan op 'n daaglikse grondslag soos deur markomstandighede toegelaat, buiten vir die verbode tydperke wat die winsaankondigings vir die tydperke geëindig 30 September 2004 en 31 Maart 2005 voorafgegaan het.

   Die besonderhede is soos volg:

	Terugkope voor 31 Maart 2005	Terugkope na 31 Maart 2005	
Aantal gewone aandele teruggekoop	11 780 039	5 187 563	
Waarde van gewone aandele teruggekoop	R1 063.4 miljoen	R570.6 miljoen	
Hoogste prys betaal per gewone aandeel	R95.06	R110.00	
Laagste prys betaal per gewone aandeel	R79.00	R110.00	
Gemiddelde prys, insluitende koste, betaal per gewone aandeel	R90.66	R110.46	
Die aantal gewone aandele wat nog teruggekoop mag word deur die maatskappy ingevolge die algemene magtiging			80 331 128
Gewone aandele uitgereik op 31 Maart 2005			486 493 650

4. **Bron van fondse**

   Tot op hede is terugkope deur beskikbare kontantbronne befonds.

5. **Mening van die direkteure**

   Nadat die impak van die terugkope in ag geneem is, is Remgro se direkteure van mening dat vir 'n 12 maande-tydperk na hierdie aankondiging:

   - Remgro en sy filiaal maatskappye in staat sal wees om in die gewone loop van sake, hul skuld te betaal;
   - Remgro en sy filiaal maatskappye se bates die laste, gemeet in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid soos toegepas in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2005, sal oorskry;
   - die gewone aandelekapitaal en reserwes van Remgro en sy filiaal maatskappye voldoende sal wees; en
   - Remgro en sy filiaal maatskappye se bedryfskapitaal voldoende sal wees.

6. **Die finansiële effek**

	Voor [1] (sent)	Na [2] (sent)
Basiese verdienste per gewone aandeel	1771.0	1783.8
Wesensverdienste per gewone aandeel	1001.8	1006.5
Netto batewaarde per gewone aandeel	7177.2	7135.6
Netto tasbare batewaarde per gewone aandeel	6410.0	6360.1

Aantekeninge

1. Gebaseer op die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2005. 2.42% van die 3.49% is reeds verantwoord in hierdie syfers.
2. Die huidige situasie, insluitende die addisionele 1.07% wat teruggekoop is na die finansiële jaareinde, is bereken asof die aandele teruggekoop is op 31 Maart 2005 vir balansstaat-doeleindes en asof dit teruggekoop is op 1 April 2004 vir inkomstestaat-doeleindes.
3. Dit is onprakties om die pro forma-effek, wat die uitwerking van alle terugkooptransaksies sou verwyder, te bereken aangesien die gewone aandele nie in een transaksie teruggekoop is nie, maar op 'n daaglikse grondslag in veelvuldige transaksies oor 'n tydperk.

7. **JSE-notering**

   Die gewone aandele is deur 'n volfiliaal van Remgro teruggekoop en dit word as tesourie-aandele gehou. Geeneen van die gewone aandele sal dus gekanselleer of die notering daarvan beëindig word nie.

Mariza Lubbe
Sekretaris

Stellenbosch
20 Julie 2005

RAND AKSEPBANK
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk

Borg

INCE